Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NOORDWES PROVINSIE ASSESSERING

## GRAAD 3

## WISKUNDE

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 40**

**TYD: 1 UUR**

**LEERDER:**_____________________________________________

**SKOOL:** _____________________________________________

**DISTRIK:**_____________________________________________

**AREA KANTOOR:** ________________________________________

**Die vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**Instruksies aan die leerders:**

1. Lees die instruksies en vrae aandagtig deur.
2. Die onderwyser sal jou help om die oefen voorbeelde te doen voordat jy met die toets begin.
3. Antwoord al die vrae in die spasie of raamwerk wat verskaf word.
4. Al jou berekeninge moet op die vraestel gedoen word. Moenie rofwerk papier gebruik nie.
5. Jy mag nie 'n sakrekenaar gebruik nie.
6. Die tydsduur van die vraestel is 60 minute en dit tel uit 40.

**Oefen vrae**

Bereken 137 + 62

Antwoord deur hoofrekene

137 + 62 = 199

of

Maak gebruik van die uitgebreide notasie metode

$$\begin{aligned} & 137 + 62 \\ = \ & 100 + 30 + 7 + 60 + 2 \\ = \ & 100 + 30 + 60 + 7 + 2 \\ = \ & 100 + 90 + 9 \\ = \ & 199 \end{aligned}$$

Jy mag nie die vertikale kolom metode gebruik nie.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

1. Rangskik 457, 673, 835, 637 van die grootste tot die kleinste.

_______________, _____________, ________________, _________

2. Tel vorentoe in 50's vanaf 405 tot 605

405; _____________ ; _____________ ; _________; 605

Sirkel die letter van die korrekte antwoord van vraag 3-5

3. Verdubbel 167

A 124

B 244

C 334

D 348

4. Rond 26 af tot die naaste 10

A 16

B 20

C 25

D 30

5. Skryf die getal 254 in Uitgebreide notasie.

   A 200 + 50 + 4

   B 200 + 40 + 20

   C 200 + 5 + 40

   D 200+ 50 + 40

6. Herhaal die groeiende patroon een maal.


   ▲ □ █ , ▲▲ □□ █ █ , ______________________________

7. Voltooi die getalle patroon.

   225; 250; 275; 300; ______________

8. Teken 'n driehoek

9. Wat is die naam van hierdie vorm**?**



________________________________________


10. Skryf die getalle naam in woorde.

748 ____________________________________________

11. Wat is die plekwaarde van die onderstreepte getal

3<u>3</u>6 ___________________________

12. Verdeel die volgende figuur simmetries.



13. Skryf die volgende getal in syfers.

vyf honderd en agt ______________________

14. Voltooi

4 + 4 + 4 + 4 + 4 + 4 = 4× ____________

15. Sirkel die korrekte woord in hakies vir vraag 15.1 en 15.2.




15.1 Die gewig van die pakkie rys word gemeet in (kilogram; sentimeters)




15.2 Die kapasiteit van die bottel water word gemeet in (Millimeters; milliliters)

16. Mnr. Naidoo verkoop lemoene. Hy het 168 lemoene. As hy die helfte van hulle verkoop het, hoeveel lemoene het hy verkoop?

Hy het ________________ lemoene verkoop.

17. Bereken :

$45 \div 5 =$ _______

18. Daar is 46 kinders in ‘n klas.
Elke kind kry 2 kolwyntjies(Cupcakes) by die jaar-eind partytjie van die klas. Hoeveel kolwyntjies moet gebak word?

| |
|---|
| |

__________________ Kolwyntjies moet gebak word.


19. Kleur 1 derde van die volgende figuur in.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

20. Bereken : 138 + 211

| |
|---|
| |

21. Teken die wysers op die analogiese horlosie om 10:45 aan te dui.




22. Nomsa se ma verlaat die huis om 02:30.
Sy kom terug teen 04:00. Vir hoe lank was sy weg?

Sy was weg vir ____________________________

23. Pieter het drie boeke gekoop teen R27 elk.
Hoeveel kleingeld sal hy kry as hy met R100 betaal?

| | | |
|---|---|---|
|  R27.00 |  R27.00 |  R27.00 |
| | | |

Hy sal ______________________ kleingeld kry.

24. Skryf 325c as rand en sent


______________________________

25. Daar is 36 piesangs in ‘n pak. Elke kind kry 5 piesangs.
Hoeveel kinders het piesangs gekry ?
Hoeveel het oorgebly?

| |
|---|
| |

_____________ het piesangs gekry. ____________ het oorgebly.

26. Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg:




26.1 Daar is twee kleure waarvan ewe veel kinders hou. Watter kleure is dit?

________________________________________

26.2 Hoeveel kinders hou van oranje?

________________________________________

27. Volg die hondjie na die korrekte hondehok.
Die hondjie het 3 blokke na regs gehardloop, 3 op, 5 na links en 2 op . Wys met pyltjies hoe die hondjie na die korrekte hondehok hardloop.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hondehok 1  | Hondehok 2  | Hondehok 3  | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | |  | | | |

27.1 Watter hondehok het die hondjie gevind? ____________

27.2 Oor hoeveel blokke het die hondjie gehardloop?

________________________________

28. Bereken 786 – 421 deur gebruik te maak van die Uitgebreide notasie metode.

29 . Kyk na die volgende vakansie dae.
Erfenisdag, Vryheidsdag, Jeugdag.
Watter dag vier ons eerste, tweede en derde?

| Eerste | Tweede | Derde |
|---|---|---|
| | | |

**TOTAAL: 40**